Uit die argiewe van Naspers: die verhaal van

# Human & Rousseau

DR FRANCOIS VERSTER
**Korrespondent**

Elke bladsy wat na die Naspers Argief oorgeplaas word, word geskandeer en opgeneem in 'n soekenjin genaamd Alchemy, wat al nagenoeg vyf miljoen sulke skakels bevat. Daarna word die oorspronklike stukke in 'n bewaarplek in Montague Gardens gestoor. Die Naspers Argief bestaan uit die inhoud van 60 inventarisse wat aanvanklik, sedert ongeveer 20 jaar gelede, versamel is en toe op die tradisionele manier gesorteer en geïnventariseer is. Sedert 2008 is begin met die elektroniese stelsel. Dit beteken dat inligting oor die werknemers en onderafdelings van Naspers (wat in 1915 as Nasionale Pers begin het), soos weerspieël deur dokumente uit die talle kantore – dit sluit nou al 160 oorsese kantore in – deur middel van sleutelwoorde opgediep kan word.

Een van die komponente van die mediagroep wat, onder andere, tydskrifte, koerante en boeke publiseer, is die sambreelorganisasie genaamd NB-Uitgewerye, wat Human & Rousseau, Tafelberg, Pharos en Kwela insluit. Hierdie artikel fokus op eersgenoemde (hierna H&R genoem).

Hoekom hierdie uitgewery se storie vertel?

Ek het onlangs navorsing oor H&R gedoen en was weereens beïndruk deur die verhaal van hierdie baie suksesvolle onderneming wat met 'n droom begin het en deur harde werk, kreatiewe denke, goeie kennis en gesonde menseverhoudinge oor groot hindernisse kon kom. In 'n vorige **KB** is verwys na talle uitgewers wat reeds verdwyn het, maar selfs onder die huidige ekonomiese druk gaan dit nog goed met H&R.

## AGTERGROND

*Waar en hoe het H&R begin?*

In 1959 is die uitgewery gestig, maar voordat die menere Human en Rousseau hulle in 'n uiters kompeterende uitgewerswêreld begeef het, het hulle eers bewese ervaring in die wêreld van woorde-in-boeke opgedoen.

Koos Human, die persoon wat H&R gekonseptualiseer het, het volgens **Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990** (1992) in 1954 by die Nasionale Boekhandel begin werk by die afdeling Skoolpublikasies. Hy het die vorige jaar sy MA by die Universiteit van die Witwatersrand verwerf – *Die gewilde literêre werk*, onder leiding van CM van den Heever. Volgens DJ Opperman was Human tóé al ernstig oor die taak van uitgewers. In 1956 word hy hoof van Algemene Publikasies en daarna is hy na die Afrikaanse Pers-Boekhandel as bestuurder. Hy het egter nie lank daar vertoef voordat hy besluit het om sy eie besigheid te begin nie. Hy het dadelik vir Leon Rousseau genader om as vennoot by hom aan te sluit.

Soos Human, het Rousseau eers vir Nasionale Pers (*Die Burger* in Rousseau se geval) gewerk. Daar het hy ondervinding opgedoen as joernalis en vertaler, waarna hy Uniale Persdiens begin het, 'n vertalingsburo en persagentskap. Hy was toe reeds bekend as skrywer (wie sal die *Fritz Deelman*-reeks vergeet?). Volgens Rousseau was Human toe reeds bekend as 'the boy wonder' in die uitgewersbedryf en die wyse waarmee hy met skrywers omgegaan het – hy het hulle 'belangrik laat



▲ *Koos Human (links) en NP van Wyk Louw, met die toekenning van die CNA Prys aan Louw vir **Tristia** (1963)*



▲ *Koos Human (links), Trewhella Cameron en Jonathan Ball tydens die bekend-stellling van* **Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld** *(1986)*

voel' – het tot sy sukses bygedra. Die twee ondernemende jong manne sou weldra in 'n uitstekende span ontwikkel.

## H&R SE EERSTE BOEK

Die eerste boek wat H&R uitgegee het was 'n Engelse werk, naamlik Delius se satiriese gedig, **The last division** (1959). Die eerste Afrikaanse boek was **Die legende van die Heilige Julianus die herbergsame**, 'n heruitgawe van WEG Louw se vertaling van Gustave Flaubert se meesterstuk. Kort daarna volg 'n heruitgawe van **Dwaalstories** deur Eugène Marais en toe **Die os en die esel van die krip** van Jules Supervielle, vertaal deur Elisabeth Eybers.

Kapitaaltekort was van meet af 'n probleem. So moes die eerste boek wat H&R self wou publiseer, **Die stryd tussen Boer en Brit** deur genl CR de Wet, aan Tafelberg Uitgewers verkoop word. Gerrit Bakker, die eienaar van die Constantia Uitgewery en Boekhandel in Johannesburg het 'n lening bewillig en sodoende 'n rustende vennoot geword. Volgens Human het Bakker die nuwe uitgewery 'op sy voete gesit' – daarsonder sou hulle waarskynlik ondergegaan het.

Die uitgewery het in 1960 verhuis van die Volkskasgebou in Adderleystraat na Rousseau se woning in Alexandrastraat 24, Oranjezicht. Hul volgende publikasie was 'n opspraakwekkende boek oor die bruin mense se moontlike rol en toekoms in die Suid-Afrikaanse samelewing: **Die opkoms van ons derde stand** deur DP Botha (1960). In 1961 het die vennootskap 'n firma geword wat aandele verkoop het – sodoende het verskeie skrywers en invloedryke persone aandeelhouers geword. Eers tóé het die eerste roman, **Meulenhof se mense** deur Henriëtte Grové (alias Linda Joubert) verskyn. Dit was 'n goeie keuse, want dié treffer sou talle herdrukke beleef. NP van Wyk Louw se **Vernuwing in die prosa** (1961) was nóg 'n belangrike baken, want die outeur het daarmee erkenning aan die Sestigers gegee.

Die sogenaamde annus mirabilis van H&R was 1962; 'n jaar waarin ook 'n besondere 'opbruising in die Afrikaanse letterkunde' beleef is, aldus *Boekewêreld*. In hierdie jaar is werke deur opkomende sterre soos Etienne Leroux en André P Brink gepubliseer. Maar dit is aanvanklik veral eersgenoemde se **Sewe dae by die Silbersteins**, wat Leroux se naam sou verewig en waarin Human 'n belangrike rol gespeel het - H&R wat bereid was om skrywers se anti-apartheidperspektiewe te verdedig en sensuur teen te staan, ter wille van die saak en ten spyte van finansiële implikasies.

Volgens Kerneels Breytenbach het H&R 'sentraal gestaan in die stryd teen owerheidsensuur. Die verbod op **Magersfontein, O Magersfontein** het H&R geen ander keuse gelaat nie, en ofskoon die stryd aanvanklik verloor is, het dit in die lange duur tot oorwinning gelei'.

DJ Opperman het in 1977 'n direkteur geword en toe Nasionale Boekhandel H&R oorgeneem het, sou hy aanbly as spesiale adviseur. Die indrukwekkende publikasielys, asook Opperman se invloed het meegewerk dat gerekende skrywers hul manuskripte na H&R gestuur het.


## H&R BREI UIT

In 1964 het H&R toegetree tot die akademiese mark met H&R-Academica (Edms) Bpk in Pretoria, wat akademiese handleidings uitgegee het. Die firma is geherorganiseer in vier maatskappye, met Human & Rousseau (Edms) Bpk as houermaatskappy. Aandele in Academica is aan akademici aangebied. Die literêre fonds van AA Balkema is ook oorgeneem en digters soos Ina Rousseau en Ernst van Heerden het deel geword van die H&R-skrywersfonds.

Human was hierna verantwoordelik vir boeke vir volwassenes en Rousseau sou die bestuur van kinder-, jeug- en geïllustreerde koffietafelboeke behartig. Opperman het as adviseur opgetree. Deelwerke soos die **Kennis**-jeugensiklopedie, **Die Bybel vir ons kinders** en **Die nuwe Cordon Bleu-kursus in fyn kookkuns** is aangepak, maar

▼ *Koos Human, Leon Rousseau en Nakkie Human, met die aankoms van hulle eerste boek,* **The last division** *(1959)*






▲ *Voorblad van 'n* ***Lewe met boeke****, H&R (2006)*

dié enorme belegging in tyd en kapitaal het die firma byna gesink. Die Ou Mutual Nywerheids-ontwikkelingskorporasie Bpk (Omid) moes red met 'n lening in 1970. H&R is gerasionaliseer en het in 1969 verhuis na die Stategebou in Roosstraat.

Duidelik was 'n konsolidasie nodig: voortaan was boekepublikasie die fokuspunt, insluitend biografieë, kunsboeke, romans en geskiedeniswerke. H&R sou voortaan 'n indrukwekkende lys titels publiseer en boonop die voorste Afrikaanse uitgewer van ko-produksies van kinderboeke word. Afrikaanse kinderboeke deur PW Grobbelaar, Verna Vels en Rona Rupert het gereeld verskyn.

Volgens 'n nota in die Naspers Argief gevind, kon ou ideale verwesenlik word toe H&R op 1 April 1977 by die Nasionale Boekhandel-groep (Nasboek) aangesluit het, soos die publikasie van **Kennis: Die eerste Afrikaanse ensiklopedie in kleur** in gebonde vorm met pragtige rooi-en-goud omslae. Nog deelwerke het in die tagtigerjare gevolg, soos die *Literatuur van die laelande-reeks*: Kannemeyer se **Afrikaanse literatuurgeskiedenis** en Rykie van Reenen se **Boer War letters of Emily Hobhouse**.

Die publikasie van **Die nuwe geskiedenis van Suid-Afrika** (1986) was 'n besonderse mylpaal: dit het nie slegs die Recht Malan Prys en CNA Ontwerptoekenning verwerf nie, maar het ook die weg gebaan vir historiese werke wat die storie van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika vertel.

Nadat Human in 1994 afgetree het, het Kerneels Breytenbach hoofbestuurder geword. Breytenbach sou nie afwyk van Human se publikasiebeleid nie - een van sy eerste stappe was om een van Human se konsepprojekte te formaliseer: Best Books, met Marietjie Coetzee as hoof, om die groot literêre fondslys van H&R vir die voorgeskrewe mark te benut. Die publikasie van hul eerste boeke, en veral die baanbrekerswerk **Bladsak**, lei daartoe dat H&R sy grootste wins ooit in 1997/98 behaal.

In 1992 het H&R die grootste deel van Taurus se fondslys oorgeneem en in 1997 ook dié van Hond Uitgewers.

## DIE KEERPUNT

Die keerpunt vir H&R het in 1998 gekom, toe 'n swakkerige jaar vir die algemene boek vererger is deur die ineenstorting van die skoolboekmark. As noodmaatreël het H&R saam met Jonathan Ball Publishers onder een dak beland. Twee jaar later het verdere konsolidasie plaasgevind - H&R en die Tafelberg-groep (Tafelberg, Pharos, Queillerie en Kwela) is in 2001 bymekaar gevoeg om die houermaatskappy NB-Uitgewers te vorm. Volgens Kerneels Breytenbach wat dié naam voorgestel het, kan dit dui op *nota bene*. En hoekom nie - belangrike werk is en word steeds hier gedoen!

NB het later na Loopstraat, die Waalburg-gebou en uiteindelik in 2003 na Heerengracht 40 getrek, waar dit steeds is. Hier, as deel van die grootste mediamaatskappy in Afrika, reik een van die mooiste suksesverhale in ons uitgewersannale steeds uit na die sterre in ons literêre uitspansel - om húlle te laat vonkel vir dié wat boeke bemin soos ware lewensmaats.

▼ ***Kennis,*** *Vol. 1 (hersiene uitgawe, 1987)*

